



Hoeke en Draaie
van
Argitektuur Fotografie

deur

L.R. Krüger

Voorlegging in gedeeltelike nakoming van die vereistes
vir die Nasionale Diploma Fotografie van die
Tegnikon Vrystaat se Fakulteit Geesteswetenskappe.

NOVEMBER 1998

DIE HOEKE EN DRAAIE VAN ARGITEKTUUR FOTOGRAFIE

**VOORGELEDE TOEGEWING MET DIE NODIGE
VERWAGTINGS VIR 'N NASIONALE DIPLOMA IN
FOTOGRAFIE BY DIE VRYSTAATSE TECHNIKON**

NOVEMBER 1998

Die skripsie word saamgestel om dit vir die individu en die amateur moontlik te maak om argitektuur ten volle te ontdek. Argitektuurfotografie word bespreek van waar die idee oorspronklik vandaan gekom het om gebou en vorms wat hulle voorstel vas te vang, deur tot die proses wat dit behels, die benodigdhede en wat dit sal verg om goeie oorspronklike gebou foto's te neem. Daar word gekyk na die soort films wat beskikbaar is en hulle nodige eienskappe wat te vinde is by elk. Ook word daar gekyk na die verskillende lensfoute, byvoorbeeld, "Chromatic" afwyking, Coma en Astigmatisme om 'n paar te noem. Verder word daar ook heen gekyk na Norman McGrath se werk. Hy is 'n argitektuur fotograaf wat vir homself al groot naam gemaak het in die wêreld met sy besondere tipe styl in foto's. Ook is daar voorbeelde van outeur se eie werk en 'n bespreking daarop.

Die hoofdoel van die skripsie is om elke individu of vir die algemene man op straat in staat te stel om nadat hy/sy die skripsie gelees het miskien 'n beter gebou af te neem tydens vakansies en toere.



INHOUDSOPGAWE


Lys van Tabele, Foto's en Sketse		II, III
Inleiding		
Hoofstuk 1	Vroeë dae	bl. 3
Hoofstuk 2	Benadering	bl. 15
Hoofstuk 3	Benodigdhede	bl. 23
Hoofstuk 4	Film tipes en negatief eienskappe	bl. 29
Hoofstuk 5	Lens foute en afwykings	bl. 35
	<ul style="list-style-type: none"> • “Chromatic” afwyking (aksiaal) • “Chromatic” lensbuiging (lateraal) • “Bolvormige afwykings • “Coma” • Buiging van veld • Astigmatisme • Destorsie 	bl. 36 bl. 37 bl. 38 bl. 38 bl. 41 bl. 42 bl. 42
Hoofstuk 6	Norman McGrath	bl. 45
Hoofstuk 7	Eie werk Bespreking van werk	bl. 49
Samevatting		bl. 65
Bibliografie		bl. 66

LYS VAN TABELLE, FOTO'S EN SKETSE

Bl. 5	Figuur 1	Eskimo-iglo
Bl. 7	Figuur 2	Kasteel
Bl. 10	Figuur 3	Niepoe's (gebou foto)
Bl. 13	Figuur 4	Glaspaleis
Bl. 21	Figuur 5	Badkamer
Bl. 26	Figuur 6	Scheimflug (teorie)
Bl. 32	Figuur 7	Houtwerkklas
Bl. 39	Figuur 8 & 9	Lense
Bl. 40	Figuur 10 & 11	Lense
Bl. 43	Figuur 12 & 13	Foute by lens
Bl. 48	Figuur 14	Norman Mcgrand
Bl. 50	Figuur 15	Glasvensters
Bl. 51	Figuur 16	Abstrakte hoeke
Bl. 52	Figuur 17	Sakegebou
Bl. 53	Figuur 18	Advokaatgebou
Bl. 54	Figuur 19	Rekenaarmanupilasie
Bl. 55	Figuur 20	Staal en klip
Bl. 56	Figuur 21	Woonhuis

III

Bl. 57	Figuur 22	Rekenaarmanupilasie
Bl. 58	Figuur 23	Sakebedryf
Bl. 59	Figuur 24	Konstruksie
Bl. 60	Figuur 25	Bank
Bl. 61	Figuur 26	Kerk
Bl. 62	Figuur 27	C.R. Swartgebou
Bl. 63	Figuur 28	Ou Presidensie
Bl. 64	Figuur 29	Houtwerkklas



1.

INLEIDING

Die meeste van ons mense stap vandag rond in die veld, sonder om rondom ons te kyk. Baie keer is ons haastig en ons kan nie gou genoeg van punt A na punt B beweeg nie.

Wat ons observasie aanbetref, is daar ook nie baie oor te sê nie. Wat in die meeste gevalle gebeur is ons sien eers iets raak as ons direk daarmee gekonfronteer word. Neem nou daardie kougom waarin jy getrap het as voorbeeld. In vandag se gejaagde lewe is dit soms baie moeilik om oplettend te wees, veral as daar kougom op die sypaadjie is. Dit is ook baie komies om die reaksie te sien van iemand wat in die kougom getrap het.

Uit die voorafgaande voorbeeld is dit egter duidelik dat ons lewe baie gejaagd is en ons nie tyd het om te kyk na die verskillende detail wat weggesteek is in die vorm van die geboue nie. As 'n mens mooi daarna kyk, mors party mense hulle geld want 'n gebou is net "snaaks" of eienaardig vir miskien 'n maand, daarna beweeg jy verby hom asof hy nooit bestaan het nie. Wat al soms verskyn het is dat 'n foto of 'n publikasie van 'n gebou se binne of buitekant aan mense

getoon is. Meestal het dit gebeur in 'n koerant of 'n tydskrif. Dan is die mense stomgeslaan of dan selfs verbaas, want hulle het nog nooit na die gebou gekyk nie.

Net so hoef gebou foto's nie altyd saai en eentonig te wees nie. Daar kan dalk gebruik gemaak word van gebou foto's om die uitleg van die tuin te bepaal, soos met die aanbou van die Glaspaleis in die Bloemfonteinse Middestad, op die hoek van Voortrekker en Margraaffstraat en selfs by die uitleg van die Technikon Vrystaat se nuwe biblioteek.

Landskap argitekte weet nie altyd waar en hoe om die nodige struik en bome aan te plant nie, as hulle nie weet hoe die gebou lyk of hoe die omgewing rondom die gebou hom daaruit sien nie. Met 'n gebou foto sal hy egter in staat wees om 'n vooraf skatting te maak van hoe die tuine om die gebou moet lyk.

In die skripsie gaan gekyk en verduidelik word wat benodig word om 'n goeie geboufoto te neem.

3.

HOOFSTUK 1

VROEË DAE

Soos die mensdom ontwikkel het van sy vroegste dae af waar hy gejag het om aan die lewe te bly, het hy 'n plek nodig gehad om te skuil teen die natuur se elemente. Ons kan amper die afleiding maak dat die mens die dier na-aap het.

Ons kan byvoorbeeld sê dat voëls vir hulle 'n nes bou en inrig volgens hulle behoeftes. Die arend as voorbeeld bou as voorbeeld sy nes baie hoog in 'n krans of 'n boom. Die rede hoofsaaklik vir beskerming maar ook sodat hy vêr kan sien en nie 'n beperkte visie het op sy vyande en prooi nie.

Wildevaark het weer 'n gat waarin hulle bly. Gewoonlik is dit van modder gebou en uitgevul. Die mens het ook so sy woning aangepas by sy behoeftes. Ons kan ook dan kyk hoe dit ontstaan het.

Die grot of tak skuiling wat hy eers gehad het, het ontbreek aan ventilasie en ook was hy altyd beperk tot waar die materiaal of 'n grot ens. was. Die mens het toe gevolglik vir hom begin wonings bou. Dit het hy gedoen van vel, hout, klip, modder en ys te gebruik, dink maar aan die Eskimo (**Sien Fig. 1**) wat in die Noordelike Halfrond bly.



Fig. 1
Eski mo-iglloo

Jou tuiste was volgens jou behoeftes geskik, om as voorbeeld te gebruik was jou huis vroeër 'n skuiling teen die wind en weer, selfs diere. Later moes die mens hom ook beskerm teen ander mense wat hom leed wou aandoen.

So as voorbeeld is forte gebou. Dit was uitgevoer met dik swaar klipmure en dik deure van hout. Vandag is die groot kastele meestal te siene in Europa. Die rede hiervoor is seker heel toeskryfbaar aan die feit dat Suid-Afrika eers in die 1600's deur Europese nasies ontdek is. In die tyd was daar ook nog 'n behoefte aan beskerming, maar in 'n meer kleiner skaal. Kaapstad kan egter spog met sy eie kasteel soos dit ook aan almal bekend is, is dit deur 'n Hollandse Goewerneur, Jan van Riebeeck laat bou.

'n Kenmerk van die kastele (**Sien Fig. 2**) was dat al die vensters baie klein was en baie hoog geleë was. Die rede hiervoor was hoofsaaklik om te verhoed dat iemand maklik deur die venster klim. Weer eens was die woning geskik volgens die mens se behoeftes.

'n Groot deur en ingang tot die woning kan as voorbeeld gebruik word. Dit was so want die perdekar en die perd asook die ruiters moes deur die deur ingang kry tot die woning.




Fig. 2
Kasteel

Met die verloop van tyd en die mens wat al hoe meer beskaafd geword het, ook sy behoeftes aangaande sy woning verander. So dan meer het mense gedurende die sestiende en sewentiende eeu weer groot gesinne begin kry en ook basiese behoeftes soos lopende water en glas vensters begin benodig. Met die ontstaan van glas of beter gestel die uitvinding van glas, kon die mens hom in 'n mate distansieer van sy wêreld buite hom, wat grotendeels bestaan het uit wind en weer, selfs koue. Die groot voordeel van glas, was egter dat hy nog altyd buite hom kon sien wat gebeur.

Omdat hy 'n groot huisgesin gehad het, moes sy huis ook bestaan het uit baie kamers. Gedurig was daar aanpassing by sy woning om by sy behoeftes aan te pas. Dink maar as voorbeeld aan 'n tronk. Dit is amper genoeg om die hele prinsiep van skuiling om ver te gooi.

Die Victoriaanse styl van die Europese lande het ook die mense se behoeftes verder laat beweeg na kuns, vorm en lyn in hulle werk, so ook hulle huise en in kort argitektuur. Die woonhuis moes nou 'n sekere standaard van afgewerktheid besit.

So het u dan ook 'n groot verskeidenheid styl en model tipe huise gekry. Uit die aard van die saak wou baie mense sulke tipe "styl" huise gehad het. Om in die mark te kon voorsien moes hulle darem 'n voorbeeld gehad het hoe die huise lyk om aan die koper 'n voorbeeld te gee. Gewoonlik is die hand van die kunstenaar ingeroep om deur middel van 'n skets of skildery 'n idee te gee aan die toekomstige kopers.

Met die koms van die kamera waar die mense eers by die "Camera Obscura" foto's begin neem het, het dit mense baie gehelp. Die huis wat hulle graag wil bou kon hulle nou afneem en as voorbeeld aan boukontrakteurs en argitekte voorhou. Ook was hulle keuse nie beperk tot hulle eie land nie. Mense kon met vakansie dalk wees en dan 'n mooi huis of idee sien en dit dan afneem om later te gebruik.

Ook was dit nie verbasend om te sien, dat die oudste oorblywendste foto geneem is deur 'n Fransman genaamd Nicephore Niepce in 1826 deur die uitsig van sy venster. (Sien Fig. 3) Hy het 'n stal se dak, 'n duiwehok en 'n deel van sy huis afgeneem (*Langford 1980: 9 - 10*) Soos die prentjie aandui was dit nie 'n baie duidelike beeld nie.




Fig. 3
Niepce's (Gebou Foto)

Mense het eers in die omgewing van 1830 begin om te eksperimenteer met dit wat hulle afneem. So het hulle dan ook hulle woonhuise afgeneem. Baie reisigers wat lande en ander kulture besoek het, het probeer om hulle idees aangaande argitektuur en boustyle vas te vang om vir hulle eie mense dit by sy eie huis te wys. Watter beter manier was daar dan nie as om 'n foto van die gebou te neem nie. Ook het mense tot die besef gekom dat die geboue foto's nie net gebruik word om te spog nie maar dat daar iets meer in steek. Die antwoord hierop kan nogal moeilik wees maar die grootste een sal seker wees vir die Historiese waarde !

Die voordeel wat die mense uit hulle doen en late kon vind, is dat hulle nou kon sien hoe style en geboue verander deur die verloop van tyd. So dan ook het mense se behoeftes van die 1900 tot waar ons vandag is verander.

Vandag sal seker al groot deur wat te vinde is, die motorhuisdeur wees. As voorbeeld kan die ontwikkeling van die motorhuisdeur gebruik word. Vroeër dae was daar nog net die ou swaar houtdeure wat gekraak het as die deur oopgemaak is. Later het dit gevorder tot die opslaandeur van metaal. Baie beserings en skade is al gedoen deur die tipe deure, veral as die gewigte wat die deur ooptrek.

losgekrom het of die kabel ontpoor het. Dit het ook net gebeur op die mees ontmoontlike tye. Dink maar aan die tye wat u laat was vir werk of skool.

Gelukkig is daar toe die oproldeur uitgevind wat ons lewe bietjie vergemaklik het. Wat egter baie belangrik is, is dat baie mense nuwe idees gekry het in die konstruksie van geboue en ingegaan het daarop om beter tegnologie en gemak te gee aan die verbruiker naamlik u en u gesin. Om dit dan ook te ontwerp moet daar navorsing gedoen word en daar moet ook 'n sekere mate van inspirasie wees. Dit alles kom uit foto's van geboue uit geboue.

U kan dalk al in Bloemfontein deur die strate beweeg het en dan dalk die "Glas Paleis" (Sien Fig. 4) gesien het. Hier is 'n voorbeeld waar daar die sandsteen geboue vervang is met nuwe tegnologie en 'n gebou wat kan voorsien het aan 'n nuwer eeu en era.

Ook besef mense nou meer as ooit te vore watter belangrikke rol plantegroei in die ontwerp van 'n geboue is en hoe dit die mense se gemoedstoestand kan bevorder. Dit is nogal eienaardig om te dink dat groot woude en pragtige natuurskoon omgebouder is met stootskrapers om plek te maak vir "betonoerwoude". Vandag ken ons almal die wonderlike "vars besoedelde lug" van groot




Fig. 4
Glaspaleis

THIS BOOK IS
THE PROPERTY
OF THE
- 3 JUL 2004
TECHNIKON
FREE STATE

14.

stede, maar waar die probleem insluip is, is dat ons gebalanseerd moet wees om goeie en optimale werkverrigting te verseker. Volgens dokters kan 'n lekker ruikende blommetjie jou net goed doen veral as die baas op jou geskree het.

Om hierdie rede probeer argitekthe deesdae om so veel van die bestaande inheemse plantegroei te gebruik te maak en om so min as moontlik skade aan te rig aan die plantegroei.

HOOFSTUK 2

BENADERING

Almal van ons was al seker in die posisie waar ons bo ons verwagting geprester het of iets wat moeilik was, vermag het. Soos die meeste gevalle is daar dan 'n foto geneem van die besonderse hoogtepunt wat behaal is.

Dit kan egter 'n probleem skep en word veral as daar gekyk word na die volgende voorbeeld. Veronderstel daar is hierdie “wonderlike” troukoek gebak en alle was net een groot sukses en daar word 'n foto geneem van hom voordat die koek na die onthaal toe geneem word. By die onthaal verloop alles klokslag en die troudag word daarna nog onthou totdat die fotos van die laboratorium afkom.

Nou word daar gemerk dat daar nie skerp gefokus is op die versierings van die koek nie en dat die beligting nie van die beste was nie aangesien die flitslig se batterye pap was. Dit alles klink na 'n wenresep van groot gesukkel en teleurstelling, wat egter die snaakste of die eienaardigste is, is dat dit alledaags gebeur. Wat ook egter die omstandighede vererger is dat die troukoek nie weer afgeneem kan word nie want daar is egter belangriker oomblikke bv. waar die koek gesny word deur die bruid-en-bruidegom wat nie weer herhaal kan word nie.

By die neem van die gebou fotos is daar egter die geleentheid om die gebou eers goed deur

te kyk en baie selektief tewerk te gaan by die komposisie en die hoek wat die interressantste sal lyk. Wat ook 'n baie groot voordeel is, is dit dat voor die neem van die foto, aspekte bv. oor die korrekte hoek van die son, watter tipe tyd van die dag alles voor die tyd kon beplan en bedink kan word. Wat egter 'n probleem kan skep is waar daar 'n pragtige formasie van wolke is. Dit gebeur soms dat daar by die neem van die foto, daar op daardie betrokke dag geen sprake is van 'n wolkie in die lug wat miskien net iets meer kon bydra tot die foto. Wat ook egter kan gebeur is dat op die dag waarop u reëlins getref het vir die neem van die gebou fotos dit absoluut oortrek was met donker swaar reënwolke en dit gesous het soos wat dit gereën het.

Wat ek gewoonlik doen is dat en tussen deur die gebou deur beweeg wat ek graag sou wil afneem tot en met so tien-uur as die son begin om loodreg van bo te skyn op die gebou. Omdat die meeste geboue bestaan uit vorms, hoeke en lyne vorm daar ook skaduwees. Omdat die hoek van die son verander, wysig dit ook die posisie van die skaduwees. So kan daar meer as een manier wees waarop geboue vertolk kan word in 'n foto net deur te kyk na die hoek van die son.

Weer eens pas die “die reël” naamlik die beste tyd van die neem van foto's is vroeg-oggend of laatmiddag. Die hoofrede hoekom daar nie geboue afgeneem word as die son reg van bo skyn nie, is dat daar skaduwees is op die detail en dit dan net laat soos 'n swart skaduwee en ook 'n groot probleem kan

skep by diedruk van die foto. Die rede hoekom dit die druk proses bemoeilik is seker omdat daar dan van inbrand en terug hou gebruik gemaak moet word. Wat ook baie belangrik by gebou fotos is, is dat die oppervlakstruktuur van die gebou baie belangrik is, hetsy of dit nou gepleister is of uit sandsteen bestaan.

Wat baie belangrik is, is ook die hoek waarteen die foto geneem word. Omdat ons almal in 'n gejaagde wêreld bly sien ons ook soms dinge net vanuit een hoek. Dit is ook nogal verbasend om te sien dat u “afgestomp” word as u net altyd staan of sit en kyk na iets. As die posisie verander word sal gemerk word dat soveel meer detail waar geneem kan word. Wat egter die meeste gevalle gebeur is dat alle foto's vanuit 'n staande posisie geneem word, wat egter net nog 'n “eenvoudige” foto tot gevolg sal hê.

Wat egter baie kenmerkend is van die betrokke styl is dat dit baie moeilik is om nuwe materiaal in te samel. Die gehalte van die werk sal baie verbeter indien daar net 'n ander oogpunt gebruik sal word waaruit fotos geneem word. As voorbeeld kan daar tot op die grond gesak word of op 'n leer gestaan word. Daar kan selfs van die gebou oorkant die straat gebruik gemaak word om die gebou van bo tot onder af te neem. Aan oorspronklike idees kan daar nie genoeg wees nie. Daar word immers gepoog dat u werk bo die res sal uitstaan.

Die grootste probleem wat egter opduik is dat daar soms net nie genoeg geboue is om af te neem nie, of die oorspronklike idees raak ook soms op. Dit is dan baie belangrik dat daar gekyk moet word na vorms byvoorbeeld, sirkels, driehoeke, prisma's en ander vorms.

Dit alles kan 'n hele nuwe beeld skep sodra 'n alledaagse gebou afgeneem word, en ontleed word. Ook is dit altyd goed as die hele komposisie afgewissel word met meer as een figuur bv. driehoeke en lyne.

Lyne is 'n baie goeie voorbeeld want dit kan so aangewend word dat dit die oog in die foto inlei en laat fokus, miskien op 'n sekere hoogtepunt. As voorbeeld kan 'n treinstasie afgeneem word en die spoorlyn gebruik word om die oog tot die gebou toe in te lei. Deur punte, lyne en vorms is maar net 'n paar dinge wat gebruik kan word om 'n unieke foto te skep. Selfs kan daar ook met nagfotos gewerk word.

Wat egter net nie uit die oog moet verloor word nie is dat die beligtingstyd egter nou ook langer sal wees gedurende die nag. Wat soms as effek gebruik kan word is dat 'n flitslig gebruik kan word om detail uit te lig. Met jare se ervaring of selfs net 'n goeie hand sal dit ook baie belowend wees as u genader word deur 'n instansie of 'n persoon wat graag 'n foto van sy huis wil hê.

Wat egter gebeur is dat mense 'n aandfoto verlang en baie mense verstaan egter nie die begrip nie dat alle geboue egter nie goed lyk in die aand nie. Die rede mag dalk toegeskryf te word aan die verkeerde hoek van die lig waar dit die gebou tref of dat dit kortweg nie dieselfde inpak het as 'n ander gebou in die aand nie.

Soms help dit as die gebou kunsmatig verlig word. Dit kan gedoen word deur gebruik te maak van die Tungsten Halagon ligte. Wat egter 'n probleem kan skep is dat die ligte meestal van 220 V elektriese krag afhanklik is om mee te werk. As voorbeeld kan daar ook nie altyd naby genoeg aan die muurprop gwerk word, sou daar besluit word om die gebou se bestaande muurproppe gebruik te maak. Ook is daar die gevaar dat die verlengingskoord per ongeluk in die foto sal wees. Alhoewel dit na 'n klein onbenulligheid klink, is dit probleme soos dit wat verseker of dit 'n goeie foto is of dan nie. Indien daar egter besluit word dat daar van kunsmatige beligting gebruik gaan word, maak seker dat die elektriese koord goed weggesteek is, miskien agter 'n muurtjie as voorbeeld.

Dit is egter raadsaam om te onthou dat dit altyd die beste is om van natuurlike ligbronne gebruik te maak soos in die boek "*R. Hicks and F. Schultz 1995: 50,51*)" waar die venster al ligbron is en die reflektor skerms gebruik is om die nodige beligting te reguleer (Sien Fig. 5) Ook kan die bronne bestaan uit deure, en gleuwe in die dakkappe. Deur egter gebruik te maak van bestaande ligbronne is dit egter net telkens meer van estetiese waarde wat deurgelaat word, deur die foto.

So dan kan 'n groet greep of beter gestel 'n groot versameling van vensters, wat die illusie kan gee van diepte.



Fig 5
Badkamer

Wanneer argitektuur foto's geneem word is daar altyd die geval dat daar twee maniere is waarop die gebou afgeneem gaan word. Dit kan as 'n geheel in die gebou afgeneem word of net 'n deel daarvan. Wat egter die belangrikste is, is dat daar in gedagte gehou moet word dat sou daar besluit word om net 'n deel van die gebou af te neem, moet die komposisie sterk genoeg wees om dit interressant te maak vir die kyker.

23.

HOOFSTUK 3

BENODIGDHEDE



Om 'n foto van 'n gebou te neem is niks nie, net soos om 'n band van 'n motor te vervang wat pap is. Almal kan 'n band vervang want ons almal se motors is voorsien van 'n wielmoersleutel. As voorbeeld kan daar gesê word dat as ons die band klaar vervang het, kan ons in die motor klim en verder gaan. Waar die gevaar egter in kom is dat indien die band deur 'n professionele persoon vervang is, kan ons verseker wees dat hulle oor die nuuste tegnologie beskik om dit net soveel beter op te sit.

Net so kan ons met 'n gewone S.L.R. "Single-Lense-Reflection-Camera" 'n gebou foto neem. Maar as daar gekyk word na kwaliteit sal daar gesien word dat dit soveel beter kwaliteit gee indien u 'n 4 x 5 (IN) "Groot Formaat" kamera gebruik word.

Nog 'n belangrike aspek wat aangeraak moet word is destorsie. Destorsie kan 'n baie groot probleem inhou veral by gebou foto's. Baie male gebeur dit dat u 'n pragtige gebou het maar op die ou end van die dag nie die betrokke foto kan gebruik nie want die gebou loop spitspuntig na bo, selfs gebeur dit soms dat u so in ekstase is oor al die besonderhede dat u vergeet om die 4 x 5 kamera reg te stel. Die verskynsel is egter baie normaal veral waar daar min tot geen kamera-tot-lens bewegings is nie. Met kamera bewegings word daar spesifiek verwys na "styg, sak, val en skuif".

Dit klink egter moeiliker as wat dit werklik is. Aan die hand van 'n diagram kan dit egter beter verduidelik word. Die grootste rede waarom die beeld soms distorsie ondervind is dat u werk in drie vlakke naamlik, 'n lewensvlak, 'n filmvlak en onderwerpsvlak.

In die gewone "S.L.R." kamera vind ons dat drie die vlakke in verskillende vlakke lê. Wat te kampe het dat daar distorsie is want sou daar 'n denkbeeldige lyn van elk van die punte getrek word sal gesien word dat hulle nie by dieselfde gemeenskaplike punt uitkom nie.

Die grootformaat 4 x 5 kamera sal verseker dat die "Scheinflug" teorie kan toegepas word. Wat dit in werklikheid beteken is dat dit u in staat sal stel om kamera bewegings moontlik te maak. Die "Scheimflug" teorie is daarop gegrond dat sou die lensvlak, filmvlak en onderwerpsvlak in dieselfde vlak geleë was om mekaar se vlakke te sny sou daar 'n denkbeeldige lyn getrek word. Volgens die teorie sal die beeld dan in goeie fokus wees.

Indien nog twyfel bestaan by u kan daar nog 'n alternatief wees naamlik gebruik te maak van die 35mm kamera. Wat egter in gedagte gehou sal moet word is die klein beperkte negatief grote en dat daar dan gebruik sal moet gemaak word van 'n skuiflens. Dit sal die 35mm formaat in staat stel om ook 4 x 5 foto kwaliteit foto's te neem. Omdat daar soms gebruik moet gemaak word van baie lang beligtingstye is dit nodig dat daar gebruik gemaak moet word van 'n driepoot. By die keuse van 'n driepoot is dit baie belangrik dat u altyd in verhouding sal




Fig 6
Scheimflug (Theorie)

werk. Byvoorbeeld sal daar nie 'n 4 x 5 formaat kamera op 'n 35 mm kamera driepoot gesit word nie. Dit is altyd veilig om in persiese te werk.

Dit kan gedoen word, deur byvoorbeeld gebruik te maak van 'n 6 x 7 formaat kamera driepoot as daar gewerk word met die 35mm kamera en 'n 4 x 5 kamera staander as die 6 x 7 gebruik word en by die 4 x 5 (IN) kamera net 'n sterk stewigge een. Die rede hiervoor is net om te verseker dat die kamera stewig staan.

Nog 'n aspek van die driepoot wat baie belangrik is en wat soms uit die oog verloor word is die bewegings van die kop van die driepoot. Dit is belangrik dat die driepoot in al agt die windrigtings moet kan draai. Wat baie belangrik is, is dat daar seker gemaak moet word as die 4 x 5 kamera of die driepoot gemonteer word dat dit stewig vas moet wees in die klampe van die driepoot. Omdat die kamera groot, swaar en uit baie los dele bestaan is dit ook baie duur sou die kamera per ongeluk val.

Wat egter ook baie belangrik behoort te wees is dat die driepoot moet voldoen aan die regte lengte bene. Die driepoot se bene moet ook in staat wees om sy bene te kan uitskop om verdere stabiliteit te verseker. Vir eie gerief is dit ook soms baie lekker om rubber voetstukke onder u driepoot te hê. Baie maal dan moet daar gewerk word op gladde vloere, as daar nie rubber onder die staander is nie dan sal u soms sukkel want die driepoot gly wat op sy beurt die akkuraatheid van die kamera benadeel. Omdat daar nie gewerk word in die donker ateljee nie, is dit soms moeilik om te sien hoe die beeld hom daartoe uitsien. Daar is om die rede gekyk na maniere om dit aangenamer plus makliker te maak vir die fotograaf.

Daar is twee maniere naamlik:

Daar kan 'n swart lap wees wat 'n vierkantige glas opening het vir die "ground" glas. Dit pas styf oor die kamera. Dit moet ook effens van dik tipe lap wees, sodat die lig nie deurskyn nie. Dit is baie goedkoop en baie doeltreffend en die verskil baie merkwaardig.

Die ander metode maak gebruik van 'n prisma en spieël wat vir u beeld van die 4 x 5 kamera klaar omdraai en wat oor die gesig pas soos 'n "bril". Weer eens verdonker dit maar net die agtergrond sodat die beeld makliker gesien kan word.

Om nog by te voeg is dit ook baie, baie belangrik dat u in die besit sal wees van 'n kabel skakelaar wat u in die kamera se sluitter knoppie inskroef. Dit sal u in staat stel om so lank as moontlik fotos te neem in die aand want help op twee maniere;

- Eerstens verhoed dit dat u aan die kamera stamp
- Tweedens hou dit die lens oop sodat genoegsame beligting kan plaasvind.

Ook is daar 'n wye verskeidenheid van make en fabrikate, om as voorbeeld is daar een wat geaktiveer word met lugdruk. Dit lyk soos 'n bal met 'n pypie aan en as die foto geneem moet word, trap u net op die balletjie. Die voordeel is dat u hande vry is om te gerbuik. (Verkrygbaar by Kloppers (Edms) Bpk., Bloemfontein)

HOOFSTUK 4

FILM TIPES EN NEGATIEF EIENSKAPPE

Wanneer gebruik gemaak word van die 4 x 5 (IN) groot formaat kamera is dit nodig dat 'n sny-film houer gebruik word. Op die oog af lyk dit soos 'n swart kassie wat bestaan uit twee laaitjies. Die laaitjies bestaan weer op hulle beurt weer uit twee swart plate wat dig afseël sodat geen lig by die films kan uitkom nie. Tydens beligting trek die plaat uit en dit kan voortgaan om die foto af te neem. As die foto klaar geneem is, is dit noodsaaklik dat u die laai sal omdraai en terug sit. Die rede hiervoor is dat daar twee kante op die plaatjie naamlik 'n wit en swartkant. Die swartkant verseker dat die persoon daarvan bewus is dat hy of sy alreeds daardie kant belig het.

Wat ook 'n groot kopseer kan word is by die laai van die film. Daar moet egter geonthou word dat die stap in die donker kamer met geen ligte gedoen moet word nie. Plaas die snyfilm houer so dat die kassie werk soos laaie wat na jou uittrek. Op die film sal daar regs bo gemerk word dat daar sulke gleufies uit is. Dit is baie belangrik omdat elke tipe 4 x 5 film sy eie unieke patroon het wat hom identifiseer. Plaas dan die film van agteraf vorentoe in en sluit die klappie en skuif die laaitjies toe. Dit is ook baie belangrik dat daar in gedagte gehou moet word dat die swart plaatjie dadelik in die sny film houer geplaas moet word want as dit net so uit gehaal word kom daar lig by die film want daar is geen plaat om die lig te stop nie.

Daar is egter nog 'n probleem as dit kom by binnenshuise fotografie wat kan bestaan uit 'n paar vraenaamlik, gaan kleurfilm / of wit-en-swart film gebruik word, wat gaan die filmspoed wees en vir wat belig moet word.

Veronderstel daar bestaan die geleentheid om 'n houtwerkklas (Sien Fig. 7) af te neem en wat die prent net so beter versterk is dat daar 'n groot versameling van klein venstertjies is wat die son laat deurskyn op die rye- en-rye banke wat in die klas staan. In die klas is daar neon en gewone huishoudelike ligte. Die mure is ook nie wit nie maar 'n roomkleur, en verder is dat die wit plafon ook nog van die lig weerkaats. Met die gereedskap en houtbalke en stof skep dit 'n wonderlike prentjie.

Op die vroeë oer watter soort film gebruik word kan die volgende gesê word. Indien daar besluit word om van kleurfilm gebruik te maak moet daar onthou word dat daar 'n klomp soort ligbronne teenwoordig is en daar die moontlikheid bestaan dat kleurworp "colour cast" op die film plaasgevind het. Om dit kortweg te verduidelik hoe kleurworp voorkom is dit nodig om te sê dat die kwaliteit "witlig" wat ons sien nie altyd suiwer is nie. Veral as ons van ligte gebruik maak wat die lig wel wit lyk vir die blote oog maar in werklikheid effens blou of geel is.

Die vraag wat nou gevra kan word is hoe los ons die probleem op? Wel, dit is baie eenvoudig deur gebruik te maak van regstellende filters of 'n "neutrale digtheids filter".

Sou daar egter besluit word om van wit-en-swart film gebruik te maak, sal daar nie so baie probleme te wees oor watter tipe lig 'n uitwerking op u film gaan hê nie. In die geval is dit eintlik beter om van wit-en - swartfilm gebruik te maak. Die rede hiervoor sal wees dat daar 'n te groot vermenging is




Fig. 7
Houtwerkklas

tussen refleksie lig, daglig en lamplig.

Die spoed van die film kan bepaal word deur te kyk na watter effek bereik wil word. Dit is egter waar dat daar 'n verskil is in die hoeveelheid inligting wat bestaan tussen 100,200 en 400 ASA film.

Uit persoonlike ervaring het ek al gemerk dat daar by die gebruik van 400 ASA, HP5 ILFORD film baie grein teenwoordig is. By die gebruik van 125 ASA, FP4 ILFORD film is daar minder grein teenwoordig. Om by te voeg was al twee die films op 4 x 5 ("IN") groot formaat kameras geneem. In kort kan daar besluit word watter tipe effek bereik wil word deur te kyk na die aantal lig en daarteenoor die effek en watter tipe film vir u dan die beste sal wees.

By die vraag watter tipe beligting en vir wat moet belig word kan die volgende gesê word. Daar moet 'n lesing met behulp van die "Kol-ligmeter" geneem word van die helderste en die donkerste area wat daar is wat belig moet word. Alhoewel dit die eie persoonlike keuse is kan daar gekies word of u alles, insluitende skadus ook wil sien of selektief wil wees. As u 'n balans tussen die twee wil sien, moet u dan 'n beligtingstyd kies tussen die twee uiterstes.

Wat egter ook baie soms gebeur is dat daar gebruik gemaak moet word van beligting binne 'n gebou. Dit sal dan nodig wees om 'n beligtingsstel of so te koop wat 'n goeie verskeidenheid lig en beligtings bykomstighede het. Wanneer daar egter gepraat word van bykomstighede kan daar met meer spesifikasie verwys word na apperate soos ligkussing, kol-ligte, reflektors en dies meer.

Iets wat baie belangrik is, is seker die “Barn doors” wat op die “Tungsten” ligte verkry word wat dit moontlik maak om die beligting te reguleer. Daar is egter altyd die keuse by groter meer ervare fotografe om spesialis gereedskap en toebehore te koop. Maar die goed beplande ligte stel wat by die handelaar te koop aangebied word sal ook ‘n groot verskil maak en baie handig te pas kom by binneshuise argitektuur.

Wat ook verder belangrik is, is indien dit ‘n klein stelletjie met ‘n klein verskeidenheid ligte is kan u altyd later nog altyd by koop, om die stel te laat groei (R. Hicks, F. Schultz 1995: 10,11)

Wat egter baie belangrik is, is dat daar moet onthou word dat indien daar van beide dag en lamplig gebruik gemaak gaan word daar filter gebruik moet word om die moontlike “kleurworp” wat kan ontstaan uit te skakel.

HOOFSTUK 5

LENS FOUTE EN AFWYKINGS

Baie keer gebeur dit dat die beeld by die kamera of by die vergroter waar die fotos gedruk word skeef is en dat die beeld baie “destort” raak en gebroke voorkom. Dit vind plaas as gevolg van die feit dat daar distorsie voorkom. Hier is maar net ‘n paar voorbeelde van afwykings en foute wat plaasvind by lense en wat gedoen kan word om dit dan te herstel.

1. “CHROMATIC” AFWYKING (aksiaal)

Soos heel moontlik bekend is, is daar ‘n verskil in die groter van die kleurskakering van ‘n ligstraal as dit opgebreek word deur die deurlatende voorwerp. So dan word korter ligstrale meer beïnvloed deur straalbreking as lang ligstale. So ook verskil die fokus van ‘n gewone lens. Blou lig sal byvoorbeeld nader aan die lens of die optiese as fokus as byvoorbeeld rooi lig.

Die verskeidenheid waar dit helder wit lig deur ‘n lens beweeg en dan opgebreek word en ook dan verskillende afstande van die lens op die as fokus staan bekend as “chromatic afwyking”

a) Hoe kan dit reggestel word ?

Die lens wat die straal buig (gewone lens) kan saam met die tenoorgestelde gekurfte lens reggestel word. (Dit sal egter die fokale lengte ‘n klein bietjie verleng) Moderne tegnologie het dit moontlik gemaak dat ons die distorsie ‘n groter beperking die lyn op sal jaag deur glas. Die glas sal verseker dat daar ‘n sameplasing van al die drie

sal wees. Die proses staan bekend as “superachromat”

b) Gebruike

Dit word soms gebruik by kleur vergroters. Hier word dan gebruik gemaak van filters om lig om die beurt apart te gebruik.

2. “CHROMATIC” LENSBUIGING (lateraal)

Laterale “chromatic” lensbuiging word soms formeel na verwys na “chromatic difference of magnification” is ‘n groot probleem wat voorkom as “kleur rafels” rondom die beeld en hul rande.

Die vorm van distorsie is van die as afgeleë. Dit is nul by die optiese middel van die fokale basis, maar dit versleg soos die hoek van die veld vergroot. Laterale “chromatic aberation “ het dus te doen met die grootte van die voorwerp. Dit is egter ook nie maklik om dit te korrigeer nie.

Sy effek versleg met ‘n toename in die fokale lengte, ook word die situasie nie verbeter om jou “F-stop” te verlaag.

a) Hoekom dit reggestel word ?

Kan verminder word deur ‘n simetriese lens konstruksie en die gebruik van drie lense, wat die probleem ten volle uitskakel.

b) Waarvoor word dit gebruik ?

Kan gebruik word vir mikroskopiese doeleindes en om sekere tegnieke moontlik te maak bv. versag jou beeld.

3. BOLVORMIGE AFWYKINGS

Die boog wat die straal maak hang af van die posisie van die lens en sy vorm. Die lens is bolvormig en dit skep nog 'n probleem. Omdat die lens sfeervormig is sal die fokus nie almal op die dieselfde registrasiepunt wees nie. Lig beweeg deur die lens in terme van "sones". Die "sones" bepaal die posisie vanaf die middelste as. Ligstrale se afwykings word bepaal deur die kromming van die lens. So dan sal inkomende ligstrale wat naby die as weer verder fokus. Die verskynsel heet "Bolvormige afwykings"

a) Hoe kan dit reggestel word ?


By "gewone lense" kan dit verminder word deur die lens opening af te skaal. Soos die lens opening verminder word kan die vlak van die optiese fokus verander. Dit is maar net nog een eienskap van "Bolvormige afwyking". By "gewone lense" kan dit ook verminder word deur "radi" en "curvature" van die twee oppervlakte van die lens.


b) Gebruike

Sekere lense wysigings maak dit moontlik vir sagte fokus.

4. "COMA"

By 'n ongekorrigeerde lens beweeg lig deur verskillende sones van die lens en val op die film op verskillende afstande van die optiese as in plaas van om bo-op te lê. Die sentrale sone vorm 'n definitiewe beeld wat die geometriese posisie inneem. Die volgende "sones" vorm 'n punt en nie 'n sirkel nie.





Chromatiese Afwykings op As

Chromatiese Afwykings Sydelings






Fig 8 & 9
Lense



Bolvormige Afwyking



COMA

Fig 10 & 11
Lense

'n Klomp sones vorm 'n hele "Coma" vorm kan verminder word deur 'n "stop" en so 'n posisie te plaas dat dit die inkomende strale wat oorheers tref. Die "boks" tipe kameras maak dieselfde van gebruik. By saamgestelde lense word dit verminder deur die effek van die een element te korregeer met 'n ander positiewe beeld.

"Coma" is spesifiek konstruksiegewys voordelig. Nadeel aan die ander kant verskaf groot probleme in wyehoek lense.

5. BUIGING VAN VELD.

Die basiese reël van die lens formule lei dat die skerp fokus vir die voorwerp op 'n vlak lê. In werklikheid is dit nie 'n plat vlak nie maar 'n konkawe area, "Petzval oppervlak". Hierdie boog se middelpunt is die middelpunt van die lens. As die voorwerp in die middel in fokus is, is dit aan die buitekant gewoonlik uit fokus en omgekeerd. Gewoonlik kom dit voor as 'n "blurr" Dit word hoofsaaklik toegeskryf aan punte in die onderwerp vlak wat verreweg geleë is van die optiese as verder weg van die middel van die lens.

a) Dit kan as volg reggestel word

Deur 'n plat vlak in te bring. Dit is egter nie moontlik !! Daar word baie dun glas geneem wat gebuig kan word sodat dit pas. By sommige lense is die buiging van glas soms moeilik ook is die buiging van die "veld" soms nodig.

b) Gebruike

Lense wat gebruik maak van die dubbel -"ghost" model kan 'n besondere plat vlak verseker op die voorwerpvlak.

6. ASTIGMATISME

Die “Petzval oppervlak” verteenwoordig die logus van ware punte, beeld net in die afwesigheid van verdere aberasie genaamd astigmatisme. Uit die vlak ontstaan daar nog twee vlakke wat ook na verwys kan word as ‘n vlak van skerp fokus maar in ‘n ander manier. Hulle word astigmatisme genoem beter bekend as astigmatiese oppervlak.

a) Hoe kan dit reggestel word ?

Astigmatisme en buiging van veld kan beperk word deur die lens opening af te skaal. Astigmatisme kon nie gekorregeer word nie en het nie totdat hulle beter glas in die 1880’s gemaak het wat ‘n kleiner kleurveld met groot dispersie en andersom.


b) Gebruike

Verskaf ‘n plat vlak met beperkte distorsie


7. DISTORSIE

Wanneer ‘n ures diagram gebruik word om die lens diameter te verklein kom distorsie voor. Hoofrede van distorsie - Stop op die lens word gebruik om abrasie te probeer beperk.

Twee soorte distorsie kom voor nl. “Barrel” en “Pincushion “. Omdat distorsie ‘n resultaat is van afskakeling is van jou lens opening kan u dit doen om die fout reg te stel nie. Distorsies kan verminder word deur lens simetries



Buis Verdraaiing



Speldekussing Verdraaiing

Fig 12 & 13
Foute by lense

of naby simetries “quasi-simmetried” te kry. Zoom lense is geneigtot “Pincushion” distorsie by lang fokale lengtes en “Barrel” distorsie by kort fokus mates.

Alhoewel die keuse van die soort lens totaal berus op eie keuse is dit egter altyd beter om ‘n wyehoek lens te gebruik om soveel as moontlik van die gebou te wys.

HOOFSTUK 6

NORMAN MCGRATH

Norman McGrath word beskou as een van die wêreld se beste Argitektuur fotografe. Dit is dan ook nie verbasend om te weet dat hy 'n kwart van 'n eeu rondgereis het opsoek na geboue en hulle afneem en hulle dan in Brittanje en die VSA gepubliseer het.

In 1985 kry hy erkenning vir sy harde werk van die Amerikaanse Instituut van Argitektuur wat hulle volle steun en admirasie aan hom gee om die omgewing en sy beeld te verbeter met die fotos wat hy neem.

McGrath beskik ook oor 'n baie goeie portefolio wat bestaan uit; katedrale, restaurante, hotelle en teaters. As daar dan gekyk word na sy teater en katedraal werk is dit heel duidelik dat dit 'n meester se werk is, hy is ten volle in beheer met sy beligtings omstandighede. Hy maak ook van "Tungsten" en flouresent ligte gebruik tesame met kleur gekorregeerde filters om sy foto's te neem. Daar is egter 'n sekere eienskap van sy werk wat uitstaan.

Hy kies elke hoogtepunt noukeurig voordat hy dit afneem. Hy maak gebruik van ooghoogte en op hierdie manier rangskik hy die komposisie sodat almal weet wat hy sien en nie hoef te raai nie. Ook wat kenmerkend is van sy buite argitektuur werk is dat hy gebruik maak van 'n "polarizer" filter gebruik maak wat 'n besondere diep blou lig verskaf en helder wit wolke. Die blou lig en wit wolke help ook dan baie om die gebou te laat uitstaan.



McGrath maak gebruik van ander geboue om geboue wat hy afneem te raam in. Wat egter belangrik is, is dat hy nog die fokus laat val op elke gebou se eie individualiteit. Hy maak ook gebruik van tuine en die omringende omgewing om sy foto's se beeld te versterk, maar hy wys ook daarop dat indien dit 'n swak tuin is, dit liefers nie gebruik word nie. (*Mcgrath N 1987: 134*)

Die rede waarom McGrath se werk gekies is, is omdat dit 'n inspirasie is om na te streef om ook u eie argitektuur foto's te laat vergelyk met Norman McGrath se meesterlike werk.




Fig. 14
Norman McGrand

49.

HOOFSTUK 7

EIE WERK




Fig. 15
Glasvensters

BOOK IS
THE PROPERTY
OF THE
- 8 Feb 2004
TECHNIKON




Fig. 16
Abstrakte Hoeke

TECHNIKON
VRYSTAAT/FREE STATE
10 MAR 1999
PRIVAATSAK X20539
PRIVATE BAG
BLOEMFONTEIN

843400




Fig. 17
Calibration




Fig. 18




Fig. 19
Rekenaarmanipulasie




Fig. 20
Staal en Klip

BESPREKING VAN FIG. 20

Met die eerste oogopslag waar daar gekyk word na die foto is daar altyd iets wat uitstaan of wat die oog eerste vasvang. In die geval kan dit seker beskou word dat die blou lug seker die eerste is, met die dun sagte wolkies.

Wat dit verder argitektuur besonders maak is seker dat daar 'n goeie interaksie van lyne in die foto moet wees. Die vlagpale (regs) en die kabel wat die dak ondersteun, kruis mekaar en die vorm van die venster bo die dak dra daartoe by om vorm en lyne aan die figuur te gee. Omdat dit laat middag was en die son redelik laag gesit het, is daar ook maar skaduwees op die dak stutte en vorm van die groot yster konstruksie is buite die gebou, wat verder die lyne uitlig by die neem van die foto. Kleurgewys as daar na die foto gekyk word, is dit redelik geslaagd om 'n sagte gevoel te skep. Die rede om dit te staaf lê daarin dat die lig ligblou is met sagte wolke wat daartoe bydra dat dit 'n sagte gevoel gee. Sou daar egter geen wolke gewees het nie, sou die blou donker en dominerend wees. Iets wat egter verbeter kon word is detail in die skaduwee van die venster.

Wat egter interressant is in die foto, is dat dit bestaan uit twee beelde nl, silhoeët (Die donker gedeeltes van die vensterbank en afdak relings) en 'n kleurfoto van 'n gebou.




Fig. 21
Woonhuis



BESPREKING VAN FIG. 21

Wanneer 'n woonhuis afgeneem word, is dit nie altyd nodig om die ou standaard tipe huis af te neem nie. Daar kan byvoorbeeld gekyk word na 'n gebou wat interressante ingang, deur of selfs 'n besondere soort dak het. In Fig. 21 kan daar amper nie gesien word dat dit 'n huis is nie. Daar is ook baie lyne, vorms en repetasie teenwoordig. Die traliewerk is 'n goeie voorbeeld van lyne en die besondere boustyl van die skoorsteen versterk ook verder die eienskap. Iets wat baie maklik die oog trek is die pers pilare. Dit is werklik die kleur van hulle en is nie met behulp van die rekenaar gemanipuleer nie. Wat op die foto miskien kan verbeter word is dat daar meer van die trappe moes gesien kon word.




Fig. 22
Rekenaarmanipulasie

BESPREKING VAN FIG. 22

Wanneer daar gebruik gemaak word van rekenaar om vernaderinge by te bring in 'n foto is dit baie belangrik om dit nie te oordoen nie. In Fig. 22 is die rekenaar se hulp ingespan om aan die wit en swart gebou kleur wolke by te voeg. Op die bestaande geboufoto is daar geen wolkbedekking nie. Met die byvoeg van die kleurwolke word die gebou se vorm verder uitgebring. Soos daar gesien kan word is daar baie sterk lyne teenwoordig in die foto.

Met die byvoeg van die wolke is daar baie min aan die oorspronklike foto verander en dit lyk nog heel oorspronklik. Wat egter baie keer gebeur en wat baie belangrik is, is dat daar nie te veel bygevoeg moet word sodat dit ooglopend onnatuurlik voorkom nie.

Wat argitektuur so besonders maak is die tegniese aspek nl, hoeke, lyne en komposisie en baie belangrik die eenvoudigheid van die fotobeeld.




Fig. 23



Fig. 24
Konstruksie

BESPREKING VAN FIG. 24

Silhoeëtfoto's aan geboue is baie moeilik, want daar moet genoeg informasie aan die kyker verskaf word, sodat hy nie twyfel oor die beeld wat hy sien nie. Fig. 24 toon 'n konstruksie van 'n gebou. Dit is duidelik dat hulle besig is om 'n gebou op te rig en werk aan die gebou. Die teenwoordigheid van die kraan, staal konstruksies rondom die gebou versterk die beeld net beter om te sê dat daar ontwikkeling is wat besig is om te gebeur.

Die wit en swart medium waarin die foto geneem is, lig ook baie goed die detail uit wat te vinde is in die kraan se traliewerk. Sou die foto in kleur geneem gewees het, sou die enkele teenwoordigheid van die blou lug miskien te eentonig gewees het aangesien dit al reeds 'n silhoeët foto is. Wat miskien wel op die foto verbeter kon word is 'n klein bietjie meer detail op die regterkantse staal konstruksie.




Fig. 25
Bank

BESPREKING VAN FIG. 25

Iets wat seker die beste argitektuur foto's net kan verbeter is die teenwoordigheid van spietwit wolke. Wat die foto baie uitlig is die feit dat die foto 'n kleurfoto is en dat die traliewerk ook blou is. Daar kom dus 'n repetasie voor die kleur.

Wat die tekstuur van die gebou betref, dra die baksteen se vorm baie by tot die argitektuur want in die voorgrond kan daar nog duidelik die sement tussen die stene gesien word. Soos daar verder oor die foto heen gekyk word, verloor daar detail op die stene wat die gevoel net verder versterk van hoe die gebou aanmekaar gesit is nl., bakstene. Die traliewerk lei ook die kyker se oog van voor tot agter, die kyker het dus amper 'n gids wat hom deur die foto lei tot by die hoogtepunt van die foto nl. die wit wolke.




Fig. 26
Kerk




Fig. 27
C.R. Swartgebou



Fig. 28
Ou Presidensie

BESPREKING VAN FIG. 28

Tekstuur is baie belangrik en die wit-en-swart medium is seker een van die beste maniere om dit mee vas te vang. Wanneer daar gekyk word na Fig. 28 is dit duidelik dat dit 'n sandsteen gebou is en die wit-en-swart film is besonders in staat om die totale waarde van al die verskillende tipes gryse vas te vang wat opgesluit lê in die tekstuur van die mure.

Die rede waarom die foto nie miskien so sterk sou vertoon het in kleur nie, is seker omdat dit 'n ou gebou is. Die wit-en-swart dra by tot die historiese waarde van die gebou maar dit is egter nie 'n reël dat ou geboue altyd in wit-en-swart af geneem moet word nie.




Fig. 29
Houtwerkklas

BESPREKING VAN EIE WERK

Die rede waarom ek van Argitektuur fotografie hou is omdat daar geen gejaagdheid voorkom nie en omdat daar 'n sekere soort stilte is as jy dit doen. Geboue is nie eintlik die mees spraaksaamste nie.

Wanneer ek 'n gebou foto neem probeer ek aan mense oordra die lyn, patroon en tekstuur wat ek op daardie gegewe oomblik sien, want ons almal is gejaagd in die lewe en baie selde stop ons vir 'n oomblik om te kyk en ag te slaan op detail.

In my foto's wil ek graag bereik dat daar 'n half skoon beeld voor die kyker verskyn as hy/sy kyk na my foto en dan wegstap. Die persoon moet die vorm, uitleg en lyn detail onthou as voorbeeld moet hy self die deurknop en gordyn onthou wat voor die venster gehang het.

Omdat ons in 'n moderne wêreld bly en met baie tegnologie te doen kry is dit nodig dat ons met digitale kameras en rekenaar manipulasie werk. As student moes ek ook myself op die gebied vaardig maak en my werk is dit ook ingesluit. Wat volgens my eie mening aangaande rekenaarmanipulasie en digitale fotografie aangaan is dat dit baie goeie tegnologie is en daar is om die mens te help om beter foto's te neem maar dit nog baie tyd en verbeterde kwaliteit sal vat om die foto druk werk te kan verbeter.

Wat ek graag mense wil laat onthou van my werk is die detail en die vorm van die gebou soos by die "Ou Presidensie" wat die gevoel skep asof daar aan die gebou gevat kan word.

SAMEVATTING

In die vinnig bewegende en veranderlike wêreld word Argitektuur fotografe die healtyd uitgedaag met nuwe abstrakte geboue en vorms.

Alles ontwikkel met better , groter en meer modern. Vir meer as 'n eeu het die mense probeer om die mees beste film emulsie te maak. Elke keer as hulle een uitgevind het wat opgeleef het na hulle standaard is die standaard net weer opgeskuif. Met die ontwikkeling van die nuwe digitale kamera rekenaar manipulasie met foto's is daar net nog 'n groter veld geopen om te verken.

Soos baie fotografe al gevra het waar dit alles gaan stop is die antwoord ook, nooit nie. Elke dag gaan daar meer en beter tegnologie wees. Dit is egter ons almal se plig om op hoogte te bly met tegnologie wat ontwikkel anders gaan die persoon wat versuim om dit te doen agterweë gelaat word.

BIBLIOGRAFIE

Harris. M. 1993. The Manual of Interior Photography Oxford: Butterworth – Heiemann Ltd.

Harris. M. 1995. Architectural Photography Oxford: Butterworth – Heiemann Ltd.

Hicks. R./Schultz. F. 1995. Pro-lighting, Interior Shots, New York. Watson – Guptill Publications

Robinson. C./ Herscbman. J. 1987 Architecture Transformed, New York: The Massachusetts Institute of Technology

Langford M. 1965 Basic Photgraphy, Oxford: Butterworh – Heiemann Ltd

Langford M. 1980 The Story of Photography, Oxford, Butterworth – Heiemann Ltd.

APPENDIX

Vir verdere inligting aangaande Argitektuur fotografie, sien Bibliografie

